

9 Desember

Jesaja 5:1-7,

Jeremia 2:20-22, Johannes 15:1 -17

(Teks: Johannes 15:5,7 en 9) Deur 'n lewende geloofsgemeenskap met Christus moet gelowiges vrugte dra tot verheerliking van God *Gelowiges moet vrugte dra tot verheerliking van God*

Al God se genadige bemoeienis met ons is daarop gerig dat ons tot sy verheerliking geloofsvrugte sal dra (vergelyk Joh 15:16). Hierdie gedagte vind ons reeds in die Ou Testament. Israel word God se wingerd genoem wat vir Hom vrugte moes dra. Hulle het egter diep teleurgestel (vergelyk Jes 5:4 en Jer 2:21). Vanweë hulle gebrek aan vrugte het God se oordeel hulle getref. Dit het egter nie beteken dat God hulle afgeskryf het nie. Hy sou weer vir Hom 'n ware wingerd uit hierdie onvrugbaarheid laat voortkom. Hierdie wingerd het God begin met die plant van 'n ware wingerdstok, naamlik ons Here Jesus Christus (Joh 15:1 en 5). Aan Hom is ons deur die geloof verbind. In Hom is ons nou lote wat vir God vrugte kan en móét dra. *Vrug-dra is alleen moontlik deur in Christus te bly*

Hoe moet ons nou vrugte dra? Jesus sê dit vir ons: "Bly in My" (Joh 15:4, 5, 7). Ons moet in Hom bly en Hy in ons sodat sy krag, sy lewe ook deur ons as lote kan vloei. Wat dit prakties behels leer Johannes 15:7 en 9 ons.

- Om in Hom te bly is om te sorg dat sy woorde in ons bly. Ons lewe en optredes moet op sy Woord gebou wees.
- Om in Hom te bly is om in sy liefde te bly. Ons doen dit deur uit wederliefde ook sy opdragte uit te voer.

Deur 'n lewe in gemeenskap met Hom, bewerk Jesus Christus deur die Heilige Gees ware geloofsvrugte in ons lewe. Lewe daarom in ware geloofsgemeenskap met Hom!

Sing Psalm 92:6 en 7, Skrifberyming 33:3 Ds. B.R. Kingma (Pretoria Brooklyn)